# SEWE MANIERE WAAROP SHAVUOT ONS LEWENS KAN OMDOP
## (Soortgelyk aan die manier waarop 3000 lewens in Hand 2 omgedop is)

**1)Verbond** — Jer 31:33

Exo 19:1-6 In die derde maand na die uittog van die kinders van Yiesraél uit Mietsrayiem, op dieselfde dag, het hulle in die woestyn Sinai gekom - hulle het van Rafidiem af opgebreek en in die woestyn Sinai gekom en in die woestyn kamp opgeslaan. En Yiesraél het daar teenoor die berg kamp opgeslaan. Maar Mosheh het opgeklim na Elohiem toe, en Yahweh het hom van die berg af toegeroep en gesê ... As julle dan nou ***terdeë na my stem luister en my verbond*** hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. En julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Yiesraél moet meedeel.

**2)Vervulling** — Mal 3:10

Exo 23:14-16 Drie maal in die jaar moet jy vir My 'n fees hou. Die Fees van die Ongesuurde Brode moet jy hou: sewe dae lank moet jy ongesuurde brode eet soos Ek jou beveel het, op die bepaalde tyd in die maand Aviev, want daarin het jy uit Mietsrayiem uitgetrek - maar hulle mag ***nie met leë hande*** voor my aangesig verskyn nie; verder die fees van die oes, van die eerstelinge van jou werk, van wat jy op die land saai (“leeg” = “ruq” = leegmaak/uitstort)

**3)Verskyning** — Jer 31:3

Exo 34:22-24 Die fees van die Weke moet jy ook hou, die fees van die eerstelinge van die koring-oes; en die fees van die insameling by die wisseling van die jaar. Al jou manspersone moet drie maal in die jaar voor die aangesig van die Meester Yahweh, die Elohiem van Yiesraél, verskyn. Want Ek sal nasies voor jou uitdryf en jou grondgebied uitbrei, sodat niemand jou land sal begeer nie terwyl jy opgaan ***om te verskyn voor die aangesig van Yahweh*** jou Elohiem, drie maal in die jaar.

**4)Vreemdeling** — Jes 14:1

Lev 23:16-22 tot die dag na die sewende Shabbat moet julle vyftig dae tel; dan moet julle 'n nuwe voedseloffer aan Yahweh bring ... Julle moet uit jul woonplekke twee beweegbrode bring ... ook twee jaaroud lammers as dankoffer ... en die priester moet die eerstelingsbrood as beweegoffer voor die aangesig van Yahweh beweeg saam met die twee lammers ... 'n afgesonderde byeenkoms moet dit vir julle wees; geen beroepswerk mag julle doen nie. Dit is 'n ewige insetting in al julle woonplekke vir julle geslagte. En as julle die opbrings van jul land oes, moet jy die kant van jou land as jy oes nie totaal afoes en die are wat val, nie versamel nie. ***Vir die arme en die vreemdeling moet jy dit laat oorbly***. Ek is Yahweh julle Elohiem.

**5)Vernuwing** — Jes 48:6

Num 28:26 En op die dag van die eerstelinge, as julle 'n ***nuwe voedseloffer*** by julle fees van die Weke aan Yahweh bring, moet daar vir julle 'n afgesonderde byeenkoms wees; geen beroepswerk mag julle doen nie.

**6)Vrolikheid** — Ps 100:1-5

Deut 16:10-12 Dan moet jy die fees van die Weke hou vir Yahweh jou Elohiem ooreenkomstig die vrywillige offer van jou hand wat jy sal gee, namate Yahweh jou Elohiem jou sal seën. En jy moet ***vrolik wees voor die aangesig van Yahweh jou Elohiem***, jy en jou seun en jou dogter en jou slaaf en jou slavin en die Lewiet wat in jou poorte is, en die vreemdeling en die wees en die weduwee wat by jou is, op die plek wat Yahweh jou Elohiem sal uitkies om sy Naam daar te laat woon. En jy moet daaraan dink dat jy 'n slaaf in Mietsrayiem was; en jy moet hierdie insettinge sorgvuldig hou.

**7)Vergifnis** — Ps 103:1-5

Hand 2:37-40 Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Kefa en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broers? En Kefa sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Y'shua die Messias ***tot vergewing van sondes***, en julle sal die gawe van die Afgesonderde Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat Yahweh ons Elohiem na Hom sal roep. En met baie ander woorde het hy hulle besweer en vermaan en gesê: Laat julle red uit hierdie verkeerde geslag.

# 1)Verbond

**Ek behoort!**

Jer 31:33 Maar dit is die verbond wat Ek na daardie dae met die huis van Yiesraél sal sluit, sê Yahweh: Ek gee my Torah in hulle binneste en skryf dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n Elohiem wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

# 2)Vervulling

**Gefokus op gee!**

Mal 3:10 Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar voedsel in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê Yahweh van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie.

# 3)Verskyning

**'n Vreemde attraksie!**

Jer 31:3 Yahweh het aan my verskyn uit die verte: Ja, Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde; daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid.

# 4)Vreemdeling

**Van vreemdeling tot familie!**

Jes 14:1 Want Yahweh sal Hom oor Yaákov ontferm, en Hy sal Yiesraél nog verkies en hulle in hul land laat vestig; en die vreemdeling sal hom by hulle voeg, en hulle sal hul aansluit by die huis van Yaákov.

# 5)Vernuwing

**'n Totale nuwe uitlyk!**

Jes 48:6 Jy het dit gehoor - aanskou dit alles! Sal julle dit dan nie verkondig nie? Van nou af laat Ek jou nuwe dinge hoor en geheime wat jy nie geweet het nie.

# 6)Vrolikheid

**Blydskap oor Wie Hy is!**

Ps 100:1-5 Juig voor Yahweh, o ganse aarde! Dien Yahweh met blydskap; kom voor sy aangesig met gejubel. Erken dat Yahweh Elohiem is: Hy het ons gemaak, en ons is syne, sy volk en die skape van sy weide. Gaan sy poorte in met lof, sy voorhowe met lofgesang; loof Hom, prys sy Naam. Want Yahweh is goed; sy goedertierenheid is tot in ewigheid.

# 7)Vergifnis

**Dit waarsonder ons nie kan lewe nie!**

Ps 103:1-5 Loof Yahweh, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy afgesonderde Naam! Loof Yahweh, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie! Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees, wat jou lewe verlos van ondergang, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede, wat jou siel versadig met die goeie, sodat jou jeug weer nuut word soos die van 'n arend.